





Teken Vir 10 Jaar Op Die O.B. In Geesdriftige Reaksie Binne Eerste Week

Die eerste reaksies op die aankondiging dat Die O.B. kragtens ooreenkoms met Perskor op 'n nuwe grondslag uitgegee word, waarvolgens die intekengeld verhoog is na 10s. per jaar, vooruitbetaalbaar, was bo verwagting gunstig. Binne die eerste week het die hernuings van intekene die kantoor van Voorslag binnegestroom. 'n Hele aantal het vir twee jaar vooruit betaal, terwyl edlikes vir vyf jaar ten volle opbetaal het en in een geval het 'n persoon selfs geld vir tien jaar se intekening gestuur. Onder die name was 'n hele paar wat vir die eerste keer inteken.

Van 'n vooraanstaande leser het Die O.B. die kompliment ontvang dat sy jaargeld veels te laag is, aangesien hy baie meer werd is.

Soos reeds aangekondig, hoop Die O.B. om veel interessante leestof te voeg by die algemene en politieke nuus wat ons reeds plaas. Onder andere begin ons hierdie week met 'n artikelreeks van die gewilde skrywer S. J. de Jongh wat die tonge aan die gang gesit het met sy opspraakwekkende eersteling SONDER GEWERE. Sy bydraes bestaan uit kortverhale uit die ondergrondse stryd van die afgelope oorlog. Later sal ook ander artikels oor hierdie onderwerp vir die eerste maal in Die O.B. verskyn. Daarbenewens bied ons 'n rubriek aan ons lesers waar hulle van hul eie ervarings uit die stryd van die Ossewabrandwag kan vertel.

Van een persoon is 'n brief met intekengeld ontvang waarin hy verklaar dat hy geen ondersteuner van die Ossewabrandwag is nie, maar die blad nogtans so interessant vind dat hy besluit het om daarop in te teken nadat hy dit 'n paar keer gelees het.

Die nuwe reëlings maak voorsiening vir die afskaffing van die kommando-intekening. Alle intekengelde moet dus regstreeks aan Voorslag, Posbus 1411, Kaapstad, gestuur word en is vooruitbetaalbaar.

Bly Maar 'n Droom

Die Nasionale Behuisingsplanne volg nog maar steeds die slakkegang op die lugkasteel-fondamente wat min. Harry Lawrence drie jaar gelede gelê het vir sy „twaalfmaande-dertigduisend - huiseplan.“ Twee jaar nadat die eerste soorie met indrukwekkende plegtigheid omgekeer is, is nog nie eens een-derde van die 900 beloofde huise in Kaapland voltooi nie. Sleë 290 is gereed, terwyl 'n aantal nog in aanbou is. En van hierdie 290 is sommige in gemeinde woonbuurtes opgerig sodat oudsoldate weier om daarin te gaan woon. Die gevaar bestaan dat hulle uiteindelik aan kleurlinge gegee al moet word.

Ironiese Gapings In Beveiliging Van Genl. Smuts

Die bewaking van 'n eerste minister is iets wat in Suid-Afrika nog al 'n seldsaamheid is, maar sedert genl. Smuts in 1939 die teuels van die land in hande gekry het, het dit reël geword om die Eerste Minister altyd omring van 'n wag te sien. Dit is nou wel nie so 'n lywige gewapende mag soos dié waarvan Russiese ministers van buitelandse sake in die vreemde gebruik maak nie — daar is verklaar dat Molotov op sy eerste konferensie in die Weste ná die wapenstilstand so bwaak was dat geen gevaar binne 100 tree van hom kon kom nie — dog dit is in elk geval heehwat omslagtiger as die enkele speurder wat met sigbare selfbewustheid op die spore van die Britse eerste ministers stap as hy hom in die buitelug begewe. Op die gholfsbaan sal min. Atlee by voorbeeld op 'n afstand gevolg word deur 'n speurder in privaat drag, wat waarskynlik nie tot meer in staat sal wees as om ooggetuie van 'n sluipmoord op die eerste minister te wees nie.



Genl. Smuts in San Francisco is hier besig om „wêreldbeveiliging“ te beplan. beplanning van sy eie veiligheid tydens die oorlog deur die Departement van Justisie, het ook mank ge gaan aan ernstige leemte soos blyk uit meegaande a tikel.

„Ons staan maar net so 'n bietjie rond.“ Toe die koerantman voortgaan met sy vraestellery, het die speurder hom wattrouig aangegluur en verneem wat sy doel is. „Skryf maar liever 'n artikeltjie oor die weer. Ons pas nie die Veldmaarskalk op nie,“ het hy volhard in sy plig.

OMRING

Teen wie genl. Smuts bewaak moet word, is natuurlik nie elkeen se besigheid nie. Maar diegene wat verantwoordelik is vir hierdie onderneming se hare sal miskien rys om te verneem dat daar gedurende die oorlog dikwels een of meer lede van 'n sekere organisasie wat deur die regering onwettig verklaar was, onder genl. Smuts se lyfwag opgemerk kon word. Hulle het soms fyntjies, baie fyntjies geknippoog vir bekendes wat verbygaan voor die gebou waarin hulle die Veldmaarskalk se veiligheid bewaak het.

En daarmee het hulle terselfdertyd 'n stilswygende streep getrek deur die aanklag dat die sogenaamde „ondermynende“ organisasies gelei is deur persone wat geen verantwoordelikhedsin besit het nie, want as dit die idee was om die Veldmaarskalk teen hierdie organisasies te bewaak, . . . nou ja, dan was daar órens 'n growwe misrekening.

Gevonniss Weens „Verraad“

Die Spesiale Hof het verlede week, nadat dr. Sidney Erich Holm, dr. Jan Adrian Strauss, Michael Johannes Pienaar en Johannes Jakobus Snoek op aanklagte van hoogverraad skuldig bevind is, vonnisse wat varieer van tien jaar harde arbeid tot 'n boete van £150, gevel.

Holm is tot tien jaar dwang arbeid gevonniss. Strauss en Pienaar elk tot drie jaar, terwyl Snoek £150 boete (of een jaar) opgelê is. In die geval van die eerste drie veroordeeldes is appél aangeteken.

Het Eie Berig Later Nie Meer Herken Nie

'n Voorbeeld van hoe die pers in verkeerde hande dinge in 'n stygende spiraal van wanvoorstelling kan plaas, is ná die vorige wêreldoorlog verskaf deur die destydse Britse minister van binnelandse sake, Arthur Ponsonby, in 'n brief wat hy op 14 Sept. 1925 aan die blad Nation geskryf het. Hy het voorbeelde aangehaal uit berigte omtrent die val van Antwerpen, waaromtrent daar die volgende berigte in die Kölnischer Zeitung verskyn het: „Sodra die val van Antwerpen bekend geword het, het die kerkklokke die goeie nuus uitbasuin“ (waarby natuurlik bedoel is die kerkklokke in Duitsland). Hierop het die

volgende reeks berigte in die Geallieerde pers verskyn:

Die Franse koerant Le Matin: „Volgens die Kölnischer Zeitung is die kerklike beampstes van Antwerpen deur die Duitsers gedwing om die kerkklokke te laat lui toe Antwerpen geval het.“

The Times: „Le Matin berig vanuit Cologne dat daardie Belgiese priesters wat geweier het om die kerkklokke te laat lui op die val van Antwerpen, deur die Duitsers uit hul ampte ontslaan is . . .“

Corriere della Sera (Milaan): „Die Times berig uit Parys deur Cologne dat die ongelukkige Belgiese priesters wat geweier het om die kerk-

klokke by geleentheid van die val van Antwerpen te lui, tot tronkstraf met harde arbeid gevonnis is.“

Hierop het Le Matin (wat die eerste die berig geplaas het) weer berig: „Die Corriere della Sera berig deur London uit Cologne dat dit 'n feit is dat die barbare wat Antwerpen verower het, die heldhaftige Belgiese priesters wat geweier het om die kerkklokke vir die geleentheid te laat lui, gestraf het deur hulle kop onderstebo te gebruik as lewendige kloppe van die luiende klokke.“

Wie sal ontken dat sulke soort beriggewing vandag nie meer plaasvind nie?

Tydens die parlamentsitting kon Kapenaars 'n taamlike prentjie kry van hoe genl. Smuts in belang van die wêreldpolitiek (?) opgepas word.

Voor sy deur by Groote Schuur staan soggens gewoonlik drie groot swart motors agter mekaar, met 'n TP 1000 in die middel. Hierdie motor diens vervoer die Eerste Minister. Sy stuurwiel sit aan die verkeerde kant sodat genl. Smuts, indien hy voor langs die bestuurder sit, aan die binnkant van die pad is, en dus weg van die sypaadjie vanwaar moontlike gevaar mag kom.

Sodra die Eerste Minister ingeklim het, baan die voorste motor die pad met TP 1000 op sy hakke. Die derde motor vorm die agterhoede sodat geen lafhartige aanval van agter op die Maarskalk gedoen kan word nie. Ook hierdie motor is beman met speurders.

VAN ONDER

Indien dit die begeerte van die Eerste Minister is om dadelik na die parlement te gaan,

word die gebou van die sekkant genader in Parlementstraat op. Al drie motors swaai oor na die verkeerde kant net voordat hulle by die hekke kom, en genl. Smuts gip vinnig en energiek by die deur uit aan die kant van die sypaadjie, wat vir hom deur 'n speurder oopgemaak word. Teen daardie tyd storm die speurder in die voorste motor met alle mag na die hekkie om te sorg dat hy eerste daar deur gaan. Dit is dan blykbaar die teken „alles veilig“, en die Eerste Minister volg op op die voetstaple van die voorste speurder wat dan ook voor hom by die deur in verdwyn. Intussen het die speurders in die agterste motor stelling ingeneem voor die hekkie en soms ook een binne die parlementêre terrein.

VAN BO

Verkies die Eerste Minister om na sy kantoor in die Marksgebou te gaan, nader die proses die gebou van die bergkant, ook weer teen die verkeerde kant van die verkeer. Dit is soms potsierlik om te sien hoe die speurder ooplê soos hy nael om eerste by die deur te kom en die veiligheid van die gebou te waarborg.

Nou begin die speurders wat buite bly se swaarkry. Vir die res van die dag staan hulle oënskynlik doelloos voor die deur en wag dat die trae ure verby moet kruip. Hul enigste tydverdryf is om die indruk te skep dat hulle toevallige verbygangers is en om verder terloopse gesprekke aan te knoop met die verkerskonstabels in die nabyheid. As mens nader staan, sal jy hulle soms oor die „Oubaas“ hoor praat. Die een sal teenoor die ander kla dat die Oubaas hom vanmôre lank laat wag het . . . 'n aanduiding dat daar vir hierdie keurbende 'n onderskeid tussen wag en wag is.

ONTKEN

„Nee, nee, ek weet nie waarvan jy praat nie,“ het een van die manne hewig ontken toe aan hom die vraag gestel is of hy die Veldmaarskalk oppas.

Die Hoogste Vryheid

'n Verhaal Uit Die Stryd Van die Ondergrond

HOOFSTUK I.

Sondag bly Sondag, selfs in die grootste gevangenis in Suid-Afrika.

En selfs in die Sentrale Gevangenis te Pretoria word daar Sondae nie dwangarbeid geverg nie.

Die besoeker wat ewe sorgeloos die stad Pretoria van die Suide af inry dié sal wel nie besef nie dat die straatjie wat net onderkant die hoë rooi baksteenmure van die Pretoria lokale tronk, daar bo in Potgieterstraat, links wegdraai hom na enige honderd tree voor 'n fronsende klipmuur kan bring . . . die hoë en onverbiddelike buitemuur van die Pretoria-Sentrale Gevangenis.

Geen gevangenis is 'n plesieroord nie; allermins hierdie gryse reus waar die gewoontemisdadigers en die gevangenes met lang vonnisse vanuit

Deur
S. J. de Jongh

alle dele van die Unie (en ook sowat dertig politieke gevangenes wat tydens die oorlogsjare daar beland het) ingekerker sit. Hier sleep die tyd homself met loodswaar voet vorentoe . . . maand na maand, jaar na jaar.

Verder is dit 'n gevangenis waar 'n vonnis op twee maniere sy einde kan neem; nie net by wyse van loslating deur die buitepoort nie, maar ook deur die valdeurtjie wat in die vloer vlak onderkant die galg geleë is en waar meer as een moeder se seun al tegelykertyd sy tronkvonnis en sy aardse lewe kort moes sny.

Eenmaal binnekant die poort — en jy is heeltemal binne die mag van die strafesag; daar kan jy sonder meer die maning van die digter aanvoel, wat hy oor die poort van die verdooen gebytel het: „Versaak die Hoop, jy wat oor hierdie Drumpel tree”.

As die reisiger wat van Potgieterstraat links afgeswaai het voor die massiewe poort van die gevangenis stilhou en uitstyg, sal hy vind dat hy (onder die skerp oë van bewapende wagte bo-op die muur) aan die poort kan klop en na 'n tydjie word daar 'n skrefie in die poort oopgestoot en 'n bewaarder loer van binne af uit, dig by sy gesig. As die man wat aangeklop het begeer om in te gaan en 'n vriend of broer of ander gevangene te besoek en as dit strook met die voorgeskrewe ure en regulasies wat die karige besoekvoorrage van die ingesetenes beheer en beperk, dan word die swaar poort oopgesluit, hy word binne gelaat . . . en die poort word agter hom weer toegeswaai en op slot gesit.

Hy is nou in die genade van die gevangenis.

Die besoeker moet sy naam in 'n groot boek teken wat agter die deur geplaas is, asook die naam van die gevangene wat hy toegelaat word om te besoek en dan word hy na die besoek-lokaal geneem waar hy — onder die onafgebroke observasie van 'n diensdoende bewaarder — sy twintig minute met die gevangene kan deurbring. Daarna ontvang die gevangene vir die res van daardie maand geen besoek meer nie.

Eers as die reisiger weer buitekant die poort staan, nadat hy weer vir die uitkomsag sy naam in die groot boek geteken het, besef hy wat daardie massiewe poort beteken. En al die tyd, vandat die skrefie aan die deur oopgestoot was tot dat hy weer buitekant staan, was hy onder die oë van een of meer van die amptenare van die gevangenis.

Maar selfs in hierdie trieste ryk bly Sondag darem Sondag en om daardie heuglike rede kon die twee politieke gevangenes dié oggend in hul sel lê en gesels.

Soos verreweg die meeste gesprekke tussen gevangenes het die tema oor die vryheid gegaan . . . die verlore vryheid agter die rug of die verlangde vryheid wat wel eendag weer sal straal — al is dit eers oor so en soveel jaar. Nes die lig van 'n veraf ster — die lig waarvan nog op pad is en op hierdie aardbol nog nie sigbaar is nie maar wat nietemin wel eendag hier vir jou sal straal — indien jy dan nog aan lewe is.

Afgesien van die feit dat daar Sondag nie met dwangarbeid in die steenkwarries hoef geswoeg te word nie was dit ook die een dag in die week wat ly uitstek 'n bruggie na die buitewêreld daarstel; die kortstondige en karige bruggie wat spruit uit die besoek waarop elke gevangene eenmaal per maand geregtig is en wat gewoonlik Sondags plaasvind.

Die kamerade wat lê en gesels het egter nie veel hoop op besoek gehad nie. Boet se vroultjie het hom dié maand reeds kom besoek en daardie twintig minute was al wat die overhede hulle vergun het . . . tot andermaand toe. Jaap, daarenteen, het sy besoek nog nie gehad nie maar sy ouers het uit die Vrystaat uit geskryf dat hulle, om huislike redes,

daardie maand nie na Pretoria kan kom nie. Slegs in die gees en in die gebede sou hulle by hom kan wees — maar dan wel elke aand en ook nie net vir twintig minute nie.

Om hierdie twee redes Sabbatsrus en min vooruitsig op besoek, het die twee maar elkeen op sy mat in hul sel lê en gesels en (soos verreweg die meeste gevangenes) wel oor die vryheid.

Byna lirie was die uitspattinge wat Boet en Jaap se gedagtes oor die vryheid geneem het; warmhartig en liefkosend het hulle hul gedagtes gedraai en getroetel en gestreel.

Want as die vryheid werklik waar 'n skat is, 'n pèrel sonder prys, dan gaan dit wel met die vryheid soos met alle skatte . . . hoe seldsamer dit is destemêr word dit waardeer. En in die wurggreep van die Sentrale Gevangenis is die vry-

rie te kom waarin ons hulle gedompel het . . . soos 'n helse katterkoor moes hulle tekere gaan, terwyl ons daarbuite in die donker wegdraf. Man, met een s'ag het dit my vergoed vir al die smaad en onreg wat die vyand my aangedoen het.

„Ek het aangeneem dat hulle ons wel vroeër of later in die hande sal kry en dan sou hierdie uitbraak nog ons posisie versleg — maar wragtjie, Boet, al moes ek ook daarvoor hang — die lokstem was te soet, te onweerstaanbaar soet!”

„Ja”, sê Boet terwyl hy sy rowwe komberse oproj om as kussing te dien en dit onder sy kop instoot, „ja, daar het julle ses S.J.'s sommer 'n prestasie duisend behaal. Die soort ding wat mens maar net eenmaal in jou lewe te beurt val — en dan slegs as jy uitermatig gelukkig is.”

En Jaap het beaam dat daar-

DIE AGTERGROND

In die nag van 13 Augustus 1942 het ses Afrikaners uit die Bloemfonteinse tronk ontsnap nadat hulle die tralies van hul selvenster afgesaag, die bewaarder katswink gelaan en hom vasgebind het. Voordat hulle die tronk verlaat het, het hulle eers die telefoonsentrale vernietig en die bewaarders in hul eie tronk toegesluit sodat hulle nie aan onmiddellike agtervolging blootgestel was nie. Geruime tyd later is sommige van hulle weer in hegtenis geneem.

heid tot op verdwyningspunt toe seldsaam. Daarom dat dit by die ingesetenes bykans obsessie kan word.

Jaap het geredeneer dat die vryheid, die ware vryheid, positiewe inhoud moet hê; nie net vry van een of ander dwang nie, maar vry tot een of ander doel moet dit wees.

„'n Vryheid wat jy kan uitspers en uitsuig tot die laaste druppel toe — die laaste druppeltjie genot en sterkte wat jy daaruit kan haal, dit is die vryheid waarna ek hyg. Daardie passiewe vryheid wat niks doen nie is sommer soos die talent wat die ou in 'n sweetdoek gedraai en laat lê het . . . dit het hom tot 'n oordeel geword.”

So het Jaap geredeneer en toe gaan hy met 'n salige trek op sy gesig voort: „Weet jy, Boet, die vryste wat ek nog ooit in my lewe gevoel het was die vroeë oggenduur toe ons uit die Bloemfonteinse tronk uitgebreek het. Nie net dat ons buite was nie maar wel dat ons deur ons eie toedoen en sonder die gunste en die gawe van die teenstander weer buite was — vry om die stryd teen hulle te kan voortsit . . . man ek kan vir jou nie beskryf wat vir 'n sielsverruking dit was nie!”

En Jaap se gesig het by die b'ote herinnering van innerlike sielevreugde gestraal; so gestraal dat die skadus wat hierdie nuwe gevangenis, met drie jaar dwangarbeid agter die rug en vier wat nog voorlê, op sy gelaat ingebytél het vir die oomblik verdwyn het. Selfs die somberheid van 'n veldgraf kan tydelik in groene skoonheid en in blomkleur verander as die eerste somerreën op die vaal hoop grond gesak het.

„Nie net dat ons met geweld uitgebreek het nie — hoewel dit baie tot ons vreugde bygedra het — maar dat ons ses kereels wat hulle onder die Noodregulasies aangehou het, buitekant was en dat ons die hele sweterjoel van ons vyande wat op daardie oomblik op diens oor ons gestel was, agter ons in die tronk opgesluit het en alle telefoonverbinding tussen die tronk en die stad vernietig het”, en Jaap gee so 'n kort laggie, gelaai met vreugde.

„Die bewaarders moes in die vroeë oggendure die aandag van naburige mense probeer -vuad aip in apuapopos uo xat

die 13e Augustus, twee-uur in die oggend, vir hom die naaste aan die hemel gebring het wat hy seker ooit op hierdie aardse tranendal sou kom.

„En dan meen party ouens nog dat die 13e 'n ongelukkige dag sou wees”, sê Boet so half in gedagte.

„Wel”, lag sy, maat, „ek wil nie sê hulle is verkeerd nie; hang net af van wie se geluk of ongeluk jy praat. Vir daardie seuns daaragter ons wat in hul eie gevangenis opgesluit was met 'n waar-dan-heenstemming was dit seker so ongelukkig as wat hulle nooit in hul nagmerries kon gewees het nie.

„Ook vir die Tronkbestuurder — terloops, dit is dieselfde amptenaar wat nou weer oor ons as hoof, as Superintendent, van hierdie gevangenis optree — ook vir hom was dit seker omtrent soos die gedagte van 'n pynlike besoek by die tandarts. En dit was sommer ses tande wat daardie nag gespat het — ses tande sonder verdowingsmiddels! Ses . . . insluitende hierdie arme sondaar wat nou hier voor jou sit.”

Op Boet se vraag of daar iemand van die ses ontsnappe-linge van destyds is wat nog op vrye voet verkeer en nooit weer in die vyand se hande geval het nie, het Jaap vertel dat daar, sover hom bekend, net een was wat nog steeds daarbuite beweeg.

„Net Deon — sy naam is eintlik Gideon — so 'n skraal vaal seun wat so deemoedig en saggeaard soos 'n verpersoonliking van die Kersboodskap lyk. En al die tyd is hy 'n mengsel van staal en verysde weerlig, met 'n koue waaghaalsigheid wat vir mense met swak senuwees die bobbejaanstuipe kan gee.

„Hulle sê 'n appel val nie ver van die stam nie.

„Ek ken sy vader ook. 'n Klein oubaas, netjies gekleed, 'n wit snor en sulke sagsinnige bruin oe; oudstryders vertel dat hy 'n jaar of veertig, vyftig gelede een van Generaal de Wet se betroubaarste verkenners was. Maar ons praat op die oomblik van die appel en nie van die stam nie. Nou ja, om op Deon terug te kom: dit smaaik vir my die klein bieltie het 'n hele kommando se koelbloedigheid en manne- (Vervolg op bl. 3, kol 1)

ELEKTRON Kontrakteurs

(Eienaar: L. J. du Plessis, Bestuurder: A. J. de Klerk)

MEUBELS

• *Spesiale Afslag op ons reeds Lae Pryse vir Kontant by Bestelling*

ELEKTRIESE GOEDERE (Alle 220-volt Lampe) EN HUISHOUDELIKE BENODIGHEDDE


Sien ons Weeklikse Geklassifiseerde Advertensie vir Prysopgawes.

KEEROMSTRAAT 18 (Foon 25060) KAAPSTAD

INTENSIEWE LANDBOU?

ROTOTILLER

- SAADBEDDINGS
- KWEKERYE
- ROEIDE
- WINGERDE
- LUSEINLANDE



- GROENTE
- BLONNE
- TUINE, ENS.

• Die ROTOTILLER se Krag-aangedrewe Chroom-Vanadium-Staaltande berei IN EEN OPERASIE 'n beter Saadbedding as 'n Ploeg, Eg en Skotteleg in drie afsonderlike Operasies.

• Die ROTOTILLER werk Plantegroei, Groenbemesting, Mis, Strooi, ens. deeglik in oor die HELE DIEPTE van die Saadbedding.

• Die ROTOTILLER vorm 'n Saadbedding ryk aan HUMUS, LUGTIG en VOGBEHOUDEND sonder Scoie of Kluite.

• Sny 20 of 26 duim — wyer as 'n Tweeskaarploeg — tot 9 duim diep. Bewerk selfs nuwe Grond.

• IDEAAL VIR ALLE INTENSIEWE LANDBOU

• PRYS SLEGS £165 AAN DIE KUS.

Volle Besonderhede van Distribueerders:—

KAAPLAND EN O.V.S.:

Die W.G.A. Bpk.

Bus 1449, Kaapstad
Bus 765, Port Elizabeth
Bus 209, Oos-Londen

TRANSVAAL EN NATAL:

D. J. J. BEKKER (Edms.) BPK.,
Marshallstr. 104, Johannesburg

Politikus Bied 24 Stene Seep Vir Witbrood Aan

Onderwyl die seeptekort nog steeds voortduur en baie huisgesinne seeplose weke moet deurmaak, kom dit nou aan die lig dat vooraanstande en invloedryke persone waarvan ons in staat is om die name te noem, oor soveel voorrade seep beskik dat hulle dit gebruik om swartmark daarmee te bedryf en ander skaars en ongeoorloofde artikels daarvoor te ruil.

So lank die parlamentsitting aan die gang was het 'n bekende politikus so 'n groot lus vir witbrood ontwikkel dat hy 'n ooreenkoms met 'n huisvrou aangegaan het om gereeld witbrood aan hom te lewer in ruil vir 24 pakkies Sunlight-seep wat sy maar te gretig was om te neem. Of hierdie politikus 'n mediese sertifikaat het sodat hy geregtig is op witbrood, is nie bekend nie, maar dit is baie duidelik dat hy geen gebrek aan seep het nie!

VERKEERD AFGELEWER

'n Byna soortgelyke geval waar die afleweringswa van 'n kruideniersfirma die seep verkeerd afgelewer het, het ook in Kaapstad voorgekom. Nadat die jong wat haar weeklikse voorrade aflewer reeds vertrek het, het 'n huisvrou in een van die voorstede gemerk dat daar 'n pak goed is wat sy nie bestel het nie. Daar was geen naam

(Vervolg van bls. 2, kol. 5)

moed geërf... eindig Jaap sy mymering oor die hoë oomblik van vryheid wat hy eehmaal geniet het en oor die kameraad, Deon, wat nog daarbuite beweeg.

„Wel, mog hy buite bly tot in lengte van dae!” was Boet se uitdruklike wens.... en hy stoot die eenkomsrol weer 'n bietjie makliker onder sy kop in. Ses dae van klipbrekery het voorgele al eer so 'n rusdag weer sou intree en Boet het geen rede gesien waarom hy die Sabbatsrus nie so gerieflik as moontlik sou maak nie; geen die minste rede nie.

Selfs 'n sementvloer met 'n mat en twee komberse kan — vergelykenderwyse gesproke — weelderig gemaak word. Veral as die vergelyking met 'n klipkwarrig in die son moet wees.

„Maar watter was jou hoogste oomblik, Boet?” het Jaap gevra — en dit was duidelik dat die herinnering aan daardie verruklike 13e Augustus 1941 te Bloemfontein sy gedagtes net in een rigting laat vloei het.

Boet lag hardop en sê: „Man, my hoogste oomblik was somer baie hoog. Om nou presies te wees: agtienduisend voet hoog. En as die sel en staaldeure en al hierdie ander goeters waarop hulle ons hier trakkeer vir my te kwaai word — dan dink ek baie maal terug aan daardie uur, nes jy aan 13 Augustus.”

„Agtienduisend voet! Wat was dit... in 'n vliegmasjien?”

„Nee, juis daarin het die bekoorlike gevoel van vryheid gelê. Dat ek dit sonder die hulp van duisend gonsende en dreunende perdekrags bereik het. Net met behulp van 'n sweeftuig..... latte met 'n seil bespan en met 'n roeier voorsien. Jaap, ek dink jou gevoel buitekant die poort van die gevangenis en myne — meer as drie myl hoog in die lug, die speelbal van wind en lugstrokinge — dié was baie soortgelyk.

„Vry was ons albei, ja.... maar dan vry met die vryheid en gevaar!”

(Word vervolg.)

op nie. Toe dit oopgemaak word, het dit 17 stene seep bevat tesame met die naam en adres van die persoon aan wie dit gestuur is. Die vrou het die naam in die adresboek nagegaan en die dame gebel. Op die vraag of hierdie persoon 'n washuis het, was die aangesproekte persoon besonder gebelgd. Nadat sy meegedeel is dat haar seep — soveel as wat 'n gewone huisvrou in ses maande ontvang — verkeerd afgelewer is, het sy heelwat makker voorgekom en allerhande verskonings vir haar groot besending seep aangebied.

NA BINNELAND

Dit is ook bekend dat persone wat in staat is om seep in die hande te kry omdat hulle in die handel betrokke is vanuit Kaapstad hul familie in die binneland voorsien. Vriende van 'n sekere persoon wat voorheen in Kaapstad was en nou in Durban woon, ontvang nog steeds volop seep uit Kaapstad.

Indien daar genoeg sulke gevalle voorkom is dit verstaanbaar waarom daar geen verbetering in die seepposisie vir die groot publiek intree nie.

Regering Verseël Ontdekte Olie Selfs Eienaar Verbied

Daar bestaan 'n sterk vermoede dat daar olie op 'n plaas in die distrik van Petrusville is. Die eienaar van die plaas, Doornfontein, mnr. J. van der Walt, is oortuig van hierdie feit maar word deur die regering belet om dieper in die gat te boor wat oorspronklik vir water bedoel was, na Die Vaderland berig.

Die boorgat is dieper as duisend voet en het reeds soveel bewys van olie gelever dat 'n Amerikaanse firma die eienaar £20,000 vir die minerale-regte aangebied het.

Indien daar olie op die plaas is, waarom ontgin die regering dit nie? Indien nie, waarom het die regering mnr. Van der Walt belet om vir olie te boor? vra die rondreisende verteenwoordiger van Die Vaderland wat hierdie eienaardige posisie gaan ondersoek het.

Nadat mnr. Van der Walt £1,170 op d'e boor van die gat bestee het, het hy geoloë na sy plaas ontbied. Die regering het daarna sy eie boor gestuur en die gat heelwat dieper geboor. Op hierdie diepte is 20 persent olie aangetref terwyl daar ook olie-belle te sien was.

Die gat is daarop deur die regering verseël en mnr. Van der Walt is verbied om verder in die gat te boor. Nadat monsters van

die boorresultate aan 'n Amerikaanse firma getoon is, het hulle £20,000 aangebied vir die minerale-regte. Die aanbod is van die hand gewys omdat die eienaar meen dat indien daar werldik olie is, dit aan Suid-Afrika behoort.

Eerste tekens van olie is reeds op 80 voet gevind. Ontleding het getoon dat die boorresultate olie, petrol en gips bevat.

Belasting In Natal Ook Verhoog

Saam met die provinsiale belastingvermeerdering in Kaapland en Transvaal, het dieselfde lot Natal tydens die jongste sitting van die Natalse Provinsiale Raad getref. Die raad het met meerderheid van stemme besluit om die provinsiale inkomste-belasting met twee persent te vermeerder en so ook die deel wat die sentrale regering aan die belastingbetaler geskenk het, weggeneem.

Palamentêre Rekord

Die Kanadese eerste minister, Mackenzie King, het verlede week 'n rekord van die Britse Gemenebes geëwenaar deur twintig jaar lank on-onderbroke die amp van eerste minister te beklee. Hy word slegs oortref deur sir Robert Walpole wat die amp 20 jaar en tien maande lank beklee het.

King wat tans 72 jaar oud is, is in 1908 tot parlamentslid verkies. Verwag word dat King met sy amp sal voortgaan tot 1950 wanneer die nuwe verkiesing plaasvind. King se sukses word toegeskryf aan sy vermoë om altyd die meerderheidsgevoel te vertolk.

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drinkies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYS LYS

	Per bottel in kassies van 12 bottels	Per gelling in 5 gelling-vaatjies
WYNE:		
Ou Port	2/9	—
Invalide Port	3/3	—
Spesiaal Soet	2/9	12/6
Wit en Rooi Jeripiko	2/-	10/-
Wit en Rooi Malmsey	2/-	10/-
Wit en Rooi Muskadel	1/11	9/8
Soet Port	1/11	9/8
Port, Pontak	—	—
Worcester Hock	1/10	9/-
Spesiale Sjerrie (Soeterig)	1/10	9/-
Goudkleurige Sjerrie	1/9	8/6
Ou Bruin Sjerrie	2/6	—
„Cocktail”	4/3	—
Vermouth (Droog of Soet)	3/-	—
Swartberg Sjerrie	2/9	—

PRYS LYS

	Per bottel in kassies van 12 bottels	Per gelling in 5 gelling-vaatjies
VONKELWYNE:		
Grand Spumante (Soeterig)	10/3	—
Grande Splendore (Droog)	7/9	—
Vonkel Boergonje	8/9	—
BRANDEWYN:		
Aurora V.S.Q. (Die allerbeste)	10/-	—
Eureka	8/6	—
A.L.	8/-	—
Royal	8/6	—
Boegoe	7/6	—
LIKEUR:		
Peperment, Perske, Appelskoos, Piesang	7/-	—
Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie	6/6	—
Van der Hum	6/6	—
JENEWER (GIN):		
Droë, Lemoen, Suurlemoen	7/6	—

DROE WYNE:

Boergonje (Rooi)	2/-	—
Riesling (Droë Wit)	1/9	—

VERKOOPSVORMWAAKDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kassie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die lê goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Skoort kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence
EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

Geskiedenis deur Kuns!

MY KWAS VERTEL

Deur W. H. COETZER .. 40/-, Porto 2/-
Die Geskiedenis van Suid-Afrika, insonderheid die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en die Eeufeesjaar, in beeld soos deur die kunstenaar gesien 111 Afdrucke waarvan vier in kleure. Grootte: 7½ dm. x 10 dm. 242 bladsye gebind in goeie linne.

Die Verstedeliking van die Kerk!

KERK EN STAD

Deur Ds. J. R. Albertyn, Ds. P. du Toit en Ds. H. S. Theron .. 6/9 posvry.
Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestaande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika.

Wat is die betekenis van die doop? Waarom doop ons iemand? Wie mag gedoop word? Op hierdie vrae en nog baie ander kry u 'n duidelike antwoord in

DIE CHRISTELIKE DOOP

Deur Ds. J. D. VORSTER .. 2/3 posvry.

Die verhouding van die jong man en jong meisie tot hul Toekomstige Huis

EK EN MY HUIS

Deur C. en D. VAN ROOY .. 2/6 posvry.
1. Die Vrou en haar Huis. — Briewe van 'n moeder aan haar dogter, wat op troue staan.
2. Die Man en sy Huis. — 'n Vader verduidelik aan sy seun wat sy verhouding tot sy huis moet wees.

Pro Ecclesia-Boekhandel

Posbus 29 STELLENBOSCH

Britse Volkslied Verdwyn Uit Indiese Bioskope

Nog maar by die aankondiging van die feit dat Indië met dominiale status beklee sal word, het die Britte soveel eerbied vir die Indiër se nasionalisme geopenbaar dat die speel van God Save The King in Indiese bioskope sonder meer afgeskaf is. Tot hierdie stap is oorgegaan nadat Engelse koerante self op die ongerymdheid van die speel van 'n vreemde volkslied wat die Indiër se gevoelens kwes, gewys het.

Die koerant Statesman, wat die eiendom van Britte is, het kort na die aankondiging van die Britse plan, geëis dat die speel van die Britse volkslied na die afloop van bioskoopvertonings onmiddellik gestaak moet word, en bygevoeg dat dit 'n doellose gebaar is.

„Die Indiër wat uit hoflikheid, tradisie of vergeetagtigheid soos

Mag Rookgoed Ontvang

Met die verskuiwing van die politieke gevangenes na Baviaanspoort se kamp het hulle ook 'n paar nuwe voorregte deelagtig geword. Een daarvan is dat hulle artikels soos tandeseep, skeerseep en veral rookgoed van buite af mag ontvang. Ongelukkig laat die 3d. per dag wat hulle as toelae ontvang nie veel ruimte vir sulke weelde nie. Komdt. Vale Ferreira, 'n oud-gevangene en tans met organisasie in Transvaal belas, het 'n fonds geopen om in hierdie opsig die lewe vir die gevangenes te veraangenaam. Bydraes kan gestuur word aan hom na Sanlamgebou 616, of posbus 1059, Pretoria.

(Vervolg van bls. 4)
vonnis moet vel wat hierdie toestand kan verander nie, maar ons self as volk.

WAARDERING

Die doel van my skrywe is egter om net te beklemtoon dat die vier jong Afrikaners wat tot die geleedere van die ander daar in die Pretoriase tronk toegetree het, vryheidsoekers en -strewers soos al die ander waarna ons verwys het was. Het ons hulle dan nie gewaardeer toe hulle ons die besielende lesings, die opbeurende Afrikaanse musiek oor die Zeesender saans verskaf het nie? En was daardie uitsaaidiens dan nie die eerste, die baanbreker wat Afrikaans betref in die heelwêreld om ons kultuuruitings oor die eter te dra nie? So bly ons die organiseerders van die Afrikaanse programme van Zeesender dankbaar. Laat ons nie vergeet dat elke bydrae 'n steen in ons volksgebou was ... al sit die bydraer in die vyand se tronk. Laat ons ons dankbaarheid betoon en hulde bring aan al ons vryheidstrewers. Laat ook in die jongste geval ons bystand nie ontbreek nie. Laat ons Noodhulp altyd noodhulp bly om strydere te bemoeë in hul lewe en strewers, ook in hul ellende daar in die tronk. Op die lang en groot ererol in die stryd vir die Afrikanerdom is bygevoeg die name van Holm, Pienaar, Strauss en Snoek.

(Daar is natuurlik appél aangeteken deur drie van die veroordeeldes, hoewel 'n moontlike hersiening van die uitspraak geensins die agtergrond van die aanklag sal verander nie. — Red.)

die Britse lede van die gehoor op aandag staan onderwyl God Save The King gespeel word, word feitlik, na ons mening, beskou as 'n samesweerder vir die behoud van Britse beheer ná beëindiging daarvan,” aldus die blad.

Binne 'n week na hierdie eis is aangekondig dat alle bioskope in Indië die speel van die Britse volkslied gestaak het.

Die Indiërs is dus baie meer bevoorreg as die Afrikaner wat ten spyte van sy 20-jarige dominiale status nog steeds met die Britse volkslied sit.

V.S.A. Vrees Depressie

Die Amerikaners staan 'n groot depressie en werkloosheid in die gesig. Die na-oorlogse winstydperk in die V.S.A. is besig om sy einde te nader, die pryse van verbruiksgoedere bly geweldig hoog en werkloosheid neem toe sodat daar volgens berekening volgende jaar sewe miljoen werkloos in Amerika sal wees. Dit is die voorspelling van vooraanstaande Amerikaanse sakemanne.

Waarnemers voel verontrus oor die snelle afname van Amerikaanse dollarvoorrade in die buiteland.

Iere Organiseer Weer Vir Stryd Teen Britte

Kort op die hakke van die aankondiging dat die Ierse Republikeinse Leër in De Valera se Ierland onthind is, het die Britse Minister van binnelandse sake aangekondig dat die Republikeinse Leër in Noord-Ierland weer opnuut georganiseer word.

Hy het verklaar dat kort na die oorlog daar min van hierdie republikeinse gehoor is, maar in die afgelope jare is baie van hul leiers uit die interneringskamp losgelaat wat hul aktiwiteite hervat het. Daar word tans op groot skaal lede gewerf.

Hierdie deel van die Ierse bevolking is sterk teen die Britte gekant en het tydens die oorlog 'n verklaring uitgereik dat hulle die Duitse troepe wan-

Skotte Wil Afstig Van Engeland

In Skotland is daar tans verskeie groepe wat ten gunste is van afskeiding van Engeland. Hierdie inligting is deur Skotse lede van die Britse Hoërhuis geuit. Die waarskuwing is gedoen tydens die bespreking van die nasionalisering van die binnelandse vervoer.

Op Selfde Verhoog

Mnr. N. C. Havenga en dr. D. F. Malan het verlede week 'n reeks gesamentlike vergaderings deur Transvaal gehou, beginnende by Potgietersrus. Mnr. Havenga het in sy toesprake onder meer die noodsaaklikheid beklemtoon dat die Afrikaners in ander groepe wat nog buite die ooreenkoms staan, ook ingeskakel moet word by die samewerking indien ons die gunstige omstandighede wil skep vir daardie oorwinning waarna ons almal vooruitsien.

Dr. Malan het verklaar dat die volgende verkiesing as die belangrikste in die geskiedenis beskou moet word omdat ons hele toekoms daarvan afhang. Hy het gepleit dat die volksaak bo alles gestel moet word.

Die Boere Kan Skiet

Suid-Afrika het die Koning George V-trofee die belangrikste prys in die Imperiale Uitdaagvaardings-kompetisie van die Britse Statebond vir die sewentiende agtereenvolgende keer verower. Nu-Seeland het die tweede plek verower terwyl Brittanje en Australië saam die derde plek ingeneem het.

LEIBRANDT EETSTAAK

Robey Leibrandt wat in die Sentrale Gevangenis aangehou word op 'n skuldigbevinding aan hoogverraad nadat hy ter dood veroordeel was, het verlede Donderdag met 'n eetstaking begin uit protes omdat hy nie saam met die ander politieke gevangenes onlangs na Baviaanspoort verwyder is nie. Hy het die regering agt dae voor hy met sy eetstaking begin het, van sy besluit in kennis gestel.

In die stad ROND
met Ronde Kommando

By die Bioskoop

'n koel sagte sig-

aret — Ronde


Kommando

maak al hoe

meer vriende

„oral in die

land rond.”



PAS ONTVANG VAN OORSEE
SWALLOW

REËN-, WARM- EN GABERDIEN-JASSE.

PRYSE BAIE BILLIK

Plaas dadelik u Bestelling by

Van Zyls DIE MANSWINKEL
Foon 791 — Posbus 233
HOOFSTRAAT PAARL

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.


GEHOORAPPARAAT

[Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.



... DIE WYNBOER SE JAARLIKSE PRODUKSIE

In 1655 is die eerste wingerdstok in Suid-Afrika geplant. Van der Stel het die wynbou verder aangemoedig en selfs wingerdstokke uit Frankryk, Duitsland en Portugal ingevoer. Die Hugenote het hul deel bygedra, en nou pluk ons die vrugte.


Vandag se wynboere produseer druive, rosyne, korinte, sultanas, wyn en spiritueel ter waarde van ongeveer £3,300,000 per jaar.

En net soos andere wat die dienste van 'n bankier nodig het, maak die wynboer in steeds toenemende mate gebruik van die dienste van VOLKSKAS—dienste wat insluit: lopende tjek-rekenings, spaar- en beleggingsfasiliteite, oorsese (valuta) transaksies deur sy eie agente en korrespondente in al die vernaamste lande van die wêreld.

HOOFKANTOOR: PRETORIA

LONDEN AGENTE: Lloyds Bank Limited

NEW YORK AGENTE: Chemical Bank and Trust Co.



VOLKSKAS

DEPERK



BANKIERS

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½ d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir oerhalings 25 pct. afslag.

Mandatsadvertensies:

Enkel plasinge (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellasië, 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

HUWELIK

Vir Partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffiehuus (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groot Kerkgebou. Lug heerlijk verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

DOODBERIG

KUHN. — Martha Johanna (Matty) — Skielik en onverwags van ons afgeskeur deur die wrede dood op ons plaas Arbeidsenot, Robertson, op die 23ste Mei. Ons geliefde vrou, en moederlike, in die ouderdom van 42 jaar. Ons verlang baie, maar ons gun jou die rus na jou moeitelike arbeid van 16 jaar. Slaap rustig, dapper vrou en moederlike, jy het jou taak verrig. — Jou verlangende Stephen en ses Klein kindertjies. Arbeidsenot, Robertson. 18/6/1

DANKBETUIGING

KUHN. — Hiermee betuig ek my innige dank en waardering teenoor al my vriende en kamerade, die O.B.-Kommando, Generaal, Kommandant, Kommandante en Boerejunge, asook my twee dokters en die suster, my ou troue buurman en buurvrou, mnr. en mev. Gawie Marais, vir hul gewaardeerde hulp en bystand, vir troosvolle woorde, vir telegreemme en bemoedigende briewe en vir kranse ontvang in die donkere uur van my beproewing met die heengaan en begraving van sy onmisbare en dierbare vrou. — Stephen Kuhn, Arbeidsenot, Robertson. 18/6/1

AGENTSAPPE

VAN BIEBECK TRUSTMAATSAPPEY BEPERK, Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwaame dienste aan wanneer u elendomme wil koop of verkoop, met geldbelegging, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/TK

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Elendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS-EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Elenaars Alberta en Greeff). Foon 43, Telegreemme „Weta.” 16/4/TK

BENODIG

APPLIKASIES word hiermee gevra vir: (1) Hoof-motorwerktuigkundige en Bestuurder vir Motorsak; (2) Assistent-werktuigkundige.

Suksesvolle applikante moet hul eie werksgereedskap verskaf. Meld kwalifikasies, kerkverband en salaris verlang. Aansoek moet ondergetekende bereik nie later as 10 Julie 1947 nie. Dienste moet aanvaar word 1 Augustus of so spoedig daarna. — VOORSITTER, Boesmanlandse Ko-operatiewe Handelsvereniging Beperk, Posbus 7, BRANDVLEI. 18/6/TK

FLURSE JONG SEUN om behulpzaam te wees met melkery en algemene plaaswerk. Moet dadelik kan begin. Salaris f5 per maand met vry losies en inwoning. Doen aansoek by: O. COETZEE, Posbus 26, BREYTEN. 18/6/1B

Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperk. (Geregistreer kragtens die Wet op Ko-operatiewe Verenigings, 1939).

TIKSTER BENODIG

Applikasies word ingewag tot 25 Junie 1947 vir 'n ten volle gekwalifiseerde tweetalige tikster. Meld opleiding, ondervinding, ouderdom en datum waarop dienste aanvaar kan word. Salarisskaal: f200 x f15 — f320. (Insluitende lewenskostetoelae), met aanvangssalaris volgens kwalifikasies. Daar is 'n pensioenskema vir die personeel. 'n Gesondheidsertifikaat is 'n vereiste. Applikasies gemerk „TIKSTER” moet gestuur word aan die SEKRETARIS, K.W.V., Posbus 528, ZUIDER PAARL. 18/6/1

Ko-operatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperk. (Geregistreer kragtens die Wet op Ko-operatiewe Verenigings, 1939).

VAKATURE VIR ELEKTRISIEN

Applikasies word ingewag en sal ontvang word tot Woensdag, 25 Junie 1947 vir die betrekking van Elektrisiën in die Elektriese Afdeling van die K.W.V. te Worcester. Salarisskaal: f360 x f15 — f420 per jaar.

Aanvangssalaris volgens kwalifikasies. Kwalifikasies: Applikante moet gekwalifiseerde gelisensieerde vakmanne in die Elektriese Ingenieursbedryf wees met ondervinding van die onderhoud van elektriese toerusting in die stelsels Wisselstroom en Direkte Stroom. 'n Gesondheidsertifikaat is 'n vereiste. Daar is 'n pensioenskema vir die personeel.

Aansoek gemerk „ELEKTRISIEN,” moet aan die SEKRETARIS, K.W.V., Posbus 528, ZUIDER PAARL, gerig word. 18/6/1

AGENTE BENODIG

WINKELIERS, Saadkopers sal binnekort bewys wees van die betroubare en hoë gehalte van HEROLDT SE SAAD gepak in aantreklike gekleurde pakkies. Hondter per sent Afrikaanse onderneming. Ons stel nou orals agente aan. Verhoog u winste, wees seker van tevrede kliente, doen dadelik aansoek. — HEROLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, JOHANNESBURG. 18/6/2

VENNOOT BENODIG

VENNOOTSAP in winsgewende Afrikaanse besigheid. 'n Sonderlinge kans. Skryf aan: ADVERTEERDER, Hoofstraat 347, PAARL. 18/6/2

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESEKTEFISEERDE SAAD: Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Sulderkruis en Reliance Bloemkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarsaad 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6. Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-; Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van REMIERS, Schoemadshoek, Oudteboorn. 11/12/TK

HEROLDT se nuwe Afrikaanse geïllustreerde Tuin- en Saadgids is nou gereed. Dit bevat 'n volledige lys van die wêreld se beste groente- en bloemsaad. Bevat sensasiewekende nuwe soorte en is gratis op aanvraag. — HEROLDT SE SAAD-DEPARTEMENT, Posbus 660, JOHANNESBURG. A/15/6/1X14/TK

Neem weg daardie eentonigheid van u werf — HEROLDT SE SIERBOME doen dit oornag. Vinnig-groeiende, vertakte, skaduryke Deltoida-Populier en reop-groeiende Lombardy-Populier. Acer Negundu, lae-groeiende blare, „koel” skadu, onskadelik vir klein tuin. Sterlike Amerikaanse en Arizona Esbome, almal 5 — 8 voet hoog, 2 1/2, 2 1/2, 3/6 en 4/6 elk. Insigunus, Halepensis, en Patula-Dennebome in afsonderlike blikke, veilige verplanting, geharde Franchetti en Cotonaster, sierlike doringlose Cotonaster sierstruik, asook Pyracantha (Burning Bush), oranje bessies in winter, in blikke. Bogenoemde soorte 2 — 4 vt., 1/6, 2/6, 2/6 en 3/6 elk. Pragtige Treumorelbome, 7 — 8 vt., 21/-, 25/- elk. Palmstrus „Pin” Eikebome, 6 — 20 vt., 10/6, 17/6 en 25/- elk. Pragtige Canariens Tuinpalms, 12/6, 50/- en 75/- elk. Komtant of deposito met bestelling. — HEROLDT SE BOOMKEWERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG. B/15/6/1X14/TK

TAFELAARTAPPELS. — Pragtige, gesonde en vars Graad I teen 16/- per 150 lb., 4/- per 38 lb. V.O.S. Bethlehem in nuwe sakke. Leë sakke terug. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 14/5/TK

VARS GESEKTEFISEERDE GROENTESAAD. — Per ¼ pond. ¼ pond en 1 pond: Spansek 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson en Wonder-Waantemoen 4/-, 6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Marglobe 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie 6/-; Vroeë Kaapse Plat Uie 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ¼ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107 Oudteboorn.

VRUGTEBOME, ROSE VIR JULIE — AUGUSTUS-Planttyd 1947. Dink voort: — Voorkom teurstering, plaas u bestelling nou. Pryslyste gratis. HEROLDT se BOOMKEWERYE, Posbus 660, Johannesburg. BB/11/12/TK

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodigdhede: ankerwikkling; elektriese herstelwerk aan motors draai-pas, swels en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/TK

LOOIERY. — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tulle, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees versker van die beste skoenreparasies by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 30, KAAPSTAD. Foon 2012. 18/6/1

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Sentiese Tenks, Plare, Vloertels, Voertreke. Enigste in beton. — Direkteur: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

BLV JONK — GRYSHAARWONDER. Die minste wêreldwonder teen grysharede gewaargbarg herstel van gryshare vir roed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGNEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG. 18/6/TK

HORLOSIEMAKERS

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horloë. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

VIR HORLOSIEREPARASIES spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5569

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pakkie kleres of kostuum kom na 'n uitstekende snyer F. C. HAAGEN, Voortrekkerweg 74, PAARL. 18/6/52

LOSIES

MEV. H. J. COMBRINK, Sehagen, bied losies aan bejaarde mense wat stilte verlang gedurende Julie. 18/6/2B

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (BIENS.) BPK., en wees versker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock, Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

AANDAG. — Elektron Kontrakteurs, Keeromstraat 18, Kaapstad, Foon 25060. Vergelyk ons pryse: Ateljeer-rusbanke, vanaf f18; Kamerstelle, vanaf f26/10/-; „Heat Master”-Verwarmers, f2/19/6; „Swan” Outmattiese Ketels, f3/12/6. 18/6/TK

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout f2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout f2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE, MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

SOUT. — Mevrou, u sukkel met growwe tafelsout! Bestel 'n sak fynsout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir u vee is No. 2 die beste teen 49/- per ton. — S. J. VENTER, Oranje-soutwerke, P.K. Florisbad, BLOEMFONTEIN. 14/5/TK

SOUT. — Mooi belofte help nie, dit troos net! Bestel waar u seker is van u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout 8/6 per 200 lb.-sak. — W. H. VENTER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/TK

SOUT. — Vriende, ek lewer sout in sakke: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton. Tevredenheid gewaarborg. Onmiddellike versending. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 18/6/13B

TE KOOP AANGEBIED

ENJIN. — 'n Driepersdekrag Massey-Harris Paraffienenjlin (magneet uitgeskakel; werk met battery) en 12-volt ontwikkelaar. Albei in goeie werkende toestand. Prys om albei te neem: f27/10/- of naaste aanbod. Vir verdere besonderhede doen aansoek: C. J. K. ROOS, Bokpoort, CLARENS. 18/6/2B

GEREGISTREERDE AFRIKANER-KOEIE. — Beste bloedlyn. Goeie kondisie en kwaliteit. Nie oud nie. Loop by geregistreerde bul. Gee hoofsaaklik beesboedery op. Prys f25. — HAARHOFF, Uitkomst, GRAAFF-REINET. 11/6/3

HONDJIES. — Pragtige boerboel-hondjies, 7 weke oud. Prys: reuntjies f1/10/-; tefies f1. Baie waaksam, kwaai dog maklik beheerbaar. Gereed vir aflewering. Koper betaal spoorvrag. — D. J. ERASMUS, Biddulphsberg, SENEKAL. 18/6/1

JUKSEKE. — Bottelvorm. 3/9; Kopskele, 4/6; Agtkantige Skele, 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P/s SERPENTINE, Dist. George. 18/6/4B

KARAKOELRAMME geteel uit beroemde Grootfontein Regering-stoetery. Twee-tand. Goeie kondisie. Uit gereedgesteelde ramme. Slagrame f7. Opgraderingsramme f12 10s. Hoë kruisramme f17 10s. Elite f25. Volbloed f45 en hoër. Foto's en beskrywings voorsien. Kom oortuig u self van hulle kwaliteit. — HAARHOFF, Uitkomst, GRAAFF-REINET. 11/6/3

PRONKRUGHONDJIES. — Koringkleur, wit voete, swart bek, volmaakte pronk. Geregistreer van beste bloed. Kwaal ouers en troue wagers. K.M.B. f10/10/- — B. PRINSLOO, Nellersdrif, Oor KEIMOES. 18/6/3B

WINSKOPES VIR BOERE.

sandskoene (nuwe en tweedehands) 10/- per streepsak; blikborde (nuwe) f2-10-0 per 100 of 9d. elk; kosbakke 1/6 elk; panne 1/6 elk; bandoliere 2/- elk. Skryf of kom na: T. J. MOSTERT, Tweedehands Meubelhandelaars, Lady Greystraat 93, Paarl. 21/5/TK

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegank tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder verzuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of ayia. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word versker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL-EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

VIR PERSOONLIKE FRISHEID



KWV-
EAU de COLOGNE

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.

4-47

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begravnisverskerkers

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

Is Medisyne
Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap
sê nee!

BEKAMP SIEKTE MET
DIE JONGSTE WETEN-
SKAPLIKE METODES

Met Verbasende Uitslae

GEEN MEDISYNE!

GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-gemaak word van sy gif of onsuiverhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC
HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Slagweg, PAARL, alom en oerale Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektriese Sauniers.

PLAAS TE KOOP

Daardie goed verbeterde en uitstekende vee-saaiplaas, WELGELEGEN, distrik Jacobsdal, groot 2,000 morges. Die verbeterings bestaan uit eerste klas woonhuus, buitegeboue, motorhuis, voor- en pakkamer. Drie groot gemesselde klipkrale. Die eiendom is goed omhein, en verdeel in vyf wêreldse kampe. Water is volop op alle dele van die plaas. Water is aangelê tot voor die deur en daar is 'n telefoon in die huis. Die veld is gebroke, deels Karoo en ganna en nog baie ander bossesoorte, deels grasveld. Dis 'n kans wat 'n mens nie moet laat verby gaan nie. Prys bilik. Verdere besonderhede by: J. J. GROBLER, Welgelegen, P.K. Michville, Telefoon 213, MICHVILLE. 11/6/3

Dankbaar Vir
Hulp Tydens
Voort-
Vlugting

Mnr. R. Groeneveld, Bethlehem, wat jarelank voortvlugtig was gedurende die oorlog, skryf: Vergun my om deur middel van Die O.B. namens my vrou en myself, dank en waardering uit te spreek aan die Noodhulp-fonds vir die hulp aan haar verleen vir amper vyf jaar. Ook ons innige dank aan Brandwagte, kamerade en offisiere vir die beskerming en versorging en die vrye mediese hulp verleen deur dokters en andere gedurende die grootste deel van die oorlog.

Graag wil ek die generaal-skappe van Vryburg, Kroonstad en Bethlehem in besonder bedank vir hul kameraadskap en die praktiese wyse waarmee hulle my weer op die been help deur koeie, verse en skape aan ons te gee.

Aan die offisiere en Brandwagte wat so getrou hul persoonlike aandag gee, ons hartlike dank.

Vir die leiding van die K.G. is ons oneindig baie verskuldig, asook vir sy en mev. Van Rensburg se bemoediging, hulp en vriendskap gedurende die moeilike tydperk.

G. A. FICHARDT, Bpk

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opperig 1848

BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE

Die Beste Firms om u PLUIMVEE
EIERS en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. FLOFF EN KIE

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

MARKAGENTSAP

“A
VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik


weekliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Elenaar: GUSTAV REIFF



Gryshare:
Antigrysh

herstel alle gryshare tot hul natuurlike kleur. Dit is vry van kleurstof of skadelike bestanddele, verwyder skilfers, bevorder kopvelkwale, laat hare groei, ens., 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Ook kan blindederm en ander siektes en kwale met kruie en ander geneesmiddels behandel word. Skryf, gee besonderhede aan: DIE BOEREVROU, Posbus 7559, JOHANNESBURG.

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.” VAN WOENSDAG, 18 JUNIE 1947

Smee Sterk Ons Wapens!

Om na elke groot slag die resultate wat behaal is, in oënskou te neem en ook na te gaan watter krygstuig vir die volgende slag beskikbaar is, is een van die vereistes van die krygskuns.

Die eerste groot slag het ons gewen. Die Boerejeug het sy bestaansreg bewys deur te toon dat hy 'n toekomsplig het. Wil ons 'n heter bewys van wat ons bereik het hê as die getuigskrif wat die K.G. aan ons deur gehang het, naamlik dat die Boerejeug die kern van die beste en mees toegewyde Jeugbeweging wat ons volk nog ooit geken het, geskep het!

Nou lê die volgende slag voor! Reeds is die wapen hiervoor gedeeltelik gesmee. Aan die Boerejeug is verlot toegesê om die fondse wat hy insamel tot sy eie voordeel aan te wend. Elke Veldkornetskap het nou die geleentheid om homself finansiële te sterk. Wat beteken dit nie vir ons nie!

Maar dis nie al nie. Dink net aan die feit dat die Boerejeug eersdaags in sy eie uniform kan optree. Oral sal jy jou kameraad kan uitken. Oral waar jy hulle sien sal jy weet dat die Boerejeug sterk staan en steeds sterker word.

Maar nog meer! Eersdaags verskyn die eerste Boerejeug tydskrif — VUURSLAG. Oral waar jy jou eie kamerade teëkom, sal jy Vuurslag ... jou blad — vind. Oral waar die Boerejeug van te vore nie was nie, sal hy die stryd aanpak.

Maar die grootste wapen vir die stryd lê in die hande van elke Boerejeuglid. 8 Augustus is byderhand. Gaan ons hierdie wapen wat ons gebied word vasvat en gebruik? Boerejeug, Fondsag bied vir ons die geleentheid waarna ons soek. Maak seker dat jy hierdie geleentheid aangryp. Kom ons kyk wie gaan hierdie wapen die sterkste smee. Laat ons nie tot die agtste dag van Augustus wag nie — laat ons vandag reeds begin!

MAAK STERK DIE BOEREJEUG!

Nog 'n Wedstryd

Vanaf Augustus gee Boerejeughoofkwartier sy eie blaadje, VUURSLAG, uit. Nou sal elke Boerejeuglid gereeld sy/haar eie blad oor die pos kan ontvang en daarin lees: vervolghverhale, vertellings uit die lewens van ons volkshelde en -heldinne, grappies, jul eie bydraes, blokkiesraaisels, huis-houdkunde- en naaldwerkwenke, veldwerk, ens., ens., ens.

Hierdie blad sal in die begin maandeliks uitgegee word, maar sal waarskynlik later twee-weekliks kan verskyn. Intussen bly „Die Boerejeug” natuurlik ons amptelike orgaan en sal julle dus ook jul eie deeltjie in „Die O.B.” behou. Maar wat van die wedstryd?

VERJAARDAGKETTING

19 JUNIE — 2 JULIE

19 JUNIE: Hester Coetzee, Beaufort-Wes; Willem Oosthuizen, Dendron.
20 JUNIE: Martha Knoesen, Buurmansdrift; Dirkie Loubser, Malmesbury; Fredrika Bronner, Stella; Cecilia Zwart, Aughrabies.
21 JUNIE: Maria Slippers, Aughrabies; Martinus Degenaar, Frankfort; Baltazar Erasmus, Frankfort.
22 JUNIE: Adam Viljoen, Luckhoff; Neeltjie Sinden, Paarl.
23 JUNIE: Jacobus Pieterse, Paarl;
24 JUNIE: Elsiebeth de Roux, Wellington; Hybuch Olivier, Johannesburg; Aletta Eksteen, Groot Marico.
25 JUNIE: Johanna Swanepoel, Beaufort-Wes; Johanna Coetzee, Boshoeck.
26 JUNIE: Ella Fourie, Sutherland.
27 JUNIE: Maria Relief, Wellington; Estie Maree, Paarl; Maria Coetzee, Johannesburg; Maria du Toit, Zee-rust; Robert Strachan, Middelburg, Tvl.
28 JUNIE: Martie Venter, Moolnoot; Hester Aranges, Paarl; Niel Malan, Hurenoot; Johanna Nieuwoudt, Stella.
29 JUNIE: Johan von Welligh, Paarl; Johanna Byleveld, Paarl; Dorothea Welthagen, Moolnoot.
30 JUNIE: Anna Killan, Middelburg, Tvl.; Martha Rossouw, Wellington; Hester du Toit, Cedarville; Albert Muller, Paarl; Freda Louw, Paarl.
1 JULIE: Ria Scholtz, Loxton; Wilhelmus du Toit, Matrooster.
2 JULIE: Rian Wolfaardt, Paarl; Elizabeth Boshoff, Calitzdorp; Heinrich Boshoff, Calitzdorp; Jurgens J. Hanekom, Paarl.

Al wat julle moet doen is om soveel as moontlik van julle maats broers en susters, ooms en tannies, by te dam en hul te vra om in te teken op VUURSLAG. Aan die persone wat tot die einde van Augustus die meeste intekenare gewerf het, sal die volgende pryse toegeken word:


- (1) 'n Eerste prys van fl.
 - (2) 'n Tweede prys van 10/-.
 - (3) 'n Vry intekening op VUURSLAG vir een jaar aan elke ander persoon wat meer as 25 intekenare werf.
- Voorwaardes vir deelname is die volgende:
- (1) Enige persoon wat lid is van die O.B. mag deelneem.
 - (2) Intekengeld op VUURSLAG is 2/6 per jaar of 1/3 vir ses maande, vooruitbetaalbaar.
 - (3) Deelnemers moet elke veertien dae aan Boerejeughoofkwartier die naam en adres plus die intekengeld van elke intekenaar wat hulle tot op datum ontvang het, aanstuur.
 - (4) Intekenare wat vir 'n jaar betaal het, tel as een intekenaar maar diegene wat vir ses maande ingeteken het, tel as 'n ha'we intekenaar.
 - (5) Hierdie wedstryd sluit op 31 Aug. 1947.

Boerejeug, hier is kans om aan ons Beweging 'n diens te bewys en terselfdertyd moontlik 'n prys te wen. Spring dadelik aan die werk en kyk wat julle kan doen. O.B. funksies is veral 'n baie goeie plek om intekenare te werf!


Onthou, stuur die name en adresse van alle intekenare wat julle gewerf het elke veertien dae aan BOEREJEUGHOOFKWARTIER, MEYER-GEBOU 9, KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM, sodat die persone so gou as moontlik die blad kan begin ontvang i.p.v. te wag totdat julle klaar gewerf het.

JEUGLEIER

RANGTEKENS



Rangband



Skouer

Boerejeugdrag

Die Rangtekens van ons Jeugleier is die laaste besonderheid wat nog ontbreek het nadat die drag, kentekens, en rangtekens van alie Boerejeug en Jeugoffisiere geplaas is.

Boerejeughoofkwartier ontvang baie briewe waarin gevra word vanwaar die drag bestel kan word. Tot dusver moes eenhede self materiaal aanskaf en die drag volgens voorskryf laat maak, maar volgende keer sal ons aankondig waar u meeste van die benodigdhede kan bekom en dan hoop ons sal alle Boerejeuglede hul bes probeer om die drag aan te skaf.

KAAPLAND

Ons jaarlikse Gebiedslaertrek word vanjaar weer op die plaas van genl. Max Smuts, Franschhoek gehou. Hierdie keer vanaf 27 September tot 10 Oktober. Onthou die datums en kry intussen die eetgereedskap reg. Hou ons volgende koerantjie dop!

Pretoria Se Wag Kampeer

PRETORIA. — Gedurende die naweek van 24 Mei het die wagte van die Pretoria-generaalskappe 'n geslaagde kamp gehou in die distrik. Onder andere was by die kamp teenwoordig gebiedsleier prof. H. M. van der Westhuysen, hoof-waggeneraal prof. W. P. de Villiers en hoof-wagkommandant I. L. Ferreira.

Prof. De Villiers het lesings gelever oor dissipline en same-werking, terwyl prof. Van der Westhuysen die wagte toesprek het in verband met die ekonomiese en industriële selfstandigheid van die Afrikaner-volk.

Die verrigtinge het deurgaans baie suksesvol verloop. Die aand het 'n baie gesellige atmosfeer geheers om die kampvuur, waar verskillende opgewekte items gelever is. (Korr.)



Besit u reeds 'n
Boerejeug-
Kenteken

Gedruk in Swart en
Rooi op pragtige stywe
Papier

12" x 14" groot?

Bestel dadelik een van

Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9,
KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.

PRYS (Posvry):

2/6 elk vir bestellings van 6 of minder.

2/- elk vir bestellings van meer as 6.

Kontant met bestelling!

Wenke Aan Veldkornette(s)

By 'n vorige geleentheid het ons reeds iets omtrent volkspele gesê. As u die volgerde van die onderwerpe wat verlede keer geplaas is, beide vir seuns en dogters, goed nagegaan het, sou u daar weer op gelet het hoe hoog volkspele op die lysste voorkom. Hierdie voorliefde is algemeen by die jeug omdat:

- (1) die volksdane voorsien in die ontluikende gemeenskapsgevoel en kans bied vir gesonde sosiale ontwikkeling;
- (2) dit eie aan ons volk is en die jeug van nature nasionaal voel en dus geneig is tot eg-Afrikaanse ontspanning.
- (3) dit die gevoel vir ritme en musiek (wat by die dogters so hoog as derde op die lys voorkom) bevredig.

Van hierdie natuurlike voorliefde moet ons as jeugoffisiere gebruik maak in ons jeugwerk. Sonder gereeld 'n tydjie af hiervoor en dit sal werklik die moeite werd wees om weekliks 'n volkspele-aand of -middag vir die seuns en dogters gesamentlik te hou, waarheen ook ander kinders uitgenooi kan word. Maar dan moet u uself so goed as moontlik bekwaam om die leiding op 'n baie bekwame manier waar te neem. Met die oog hierop kan u gerus die volgende volkspelekursus wat vir u die naaste is, bywoon, of vra 'n plaaslike persoon wat goed op hoogte is om die leiding te aanvaar as u die organisasie daarvan doen.


Die seuns plaas „Die Organisasie, streef en dissipline van die Boerejeug” heel bo aan die lys en die dogters plaas dit 4de.

Ons lei dus af dat die jeug graag meer van hul eie Jeugbeweging wil weet, en van hierdie kans moet u beslis goeie gebruik maak. Sorg dat elke lid van u afdeling minstens kan antwoord op vrae soos: „Waarom behoort ek aan die Boerejeug?” „Wie is ons Jeugleier?” „In hoeveel Gebiede is ons ingedeel, en waarom?”

Eerstehulp en Tuisverpleging kom heel bo by die dogters, en ook die seuns noem dit 6de. Wissel dus gerus u gewone byeenkoms af deur nou en dan 'n dokter, verpleegster, of lid van die Noodhulp-Liga te vra om 'n demonstrasie te kom gee. Dis ook 'n baie goeie onderwerp om die jeug self iets op te laat voorberei (bv. die behandeling van slangbyt, brandwonde, of 'n drenkeling). Laat hul dan self vir die ander 'n „lesing” hou. En u as offisier behoort werklik 'n poging aan te wend om self aan te sluit by die Suid-Afrikaanse Noodhulp-Liga. As daar nie 'n tak in u dorp bestaan nie kan u altyd sorg dat daar een gestig word.

GEBIEDE D, E, F.

Onthou die laertrek wat weer gedurende die Oktober-vakansie vanaf 4 tot 10 Oktober op Elandsdraai, dist. Rustenburg, gehou word — dieselfde plek as verlede jaar! Maak solank daarvoor gereed en sê vir jou maats daarvan. Hou ons volgende koerantjie dop!




Gedeelte van Pretoria se wag wat onlangs uitgekamp het.

Kook Maaltyd Binne

60
SEK.

Vir huisvrou-
ens sal dit in
die toekoms
nie meer nodig
wees om die
hele oggend
voor die stoof
te staan wan-
neer hulle die
middagete
voorberei nie.
Dit sal slegs
uiters vyftig
sekondes neem
om die kos
gaar te kook.
In Brittanje is
onlangs 'n ra-
dio-oond ten
toon gestel
waarmee groot
sukses behaal
is. Dit het slegs
15 sekondes
geen om
kreef gaar te
maak, vir die
gaar maak van
blefstuk was
50 sekondes
nodig, vir aart-
appels 20 se-
kondes, terwyl
die groen mie-
lies binne 50
sekondes gaar
was. Die ap-
petert is bin-
ne 10 sekondes
nadat dit in
die oond ge-
steek is, be-
dien.



Die oond is van gloeilampies voorsien soortgelyk
aan die wat in 'n radiostel gebruik word en is in staat
om die kos onmiddellik van binne sowel as buite te ver-
hit in plaas van buite af soos gewone verhitting sonder
om dit te verbrand.

Onlangs is 'n soortgelyke toestel ook in Amerika
gebruik en die hele maaltyd van 'n hotel is binne drie
minute vyf-en-veertig sekondes gaar gemaak.

FOTO'S IN KLEUR AFGEDRUK

Aanspraak op 'n nuwe
fotografiese proses,
waarvolgens kleurfoto's
net so maklik en eko-
nomies as die swart-en-
wit-afdruk gemaak kan
word, is onlangs in Chi-
cago deur Franklin
Schurz gedoen.

Hy verklaar dat „alles wat
in die verlede met swart-en-
wit-fotografie gedoen kon
word, nou ook omtrent net
so vinnig en ekonomies in
kleur verkry kan word.”

Die stelsel sal ook gebruik
kan word vir rolprente, stil
fotografie en kleur-televisie,
volgens die aanspraakmaker.

Die film wat soos 'n ge-
wone swart-en-wit-afdruk
ontwikkel word, sal, wanneer
dit deur 'n spesiale apparaat
bekyk word, die foto-redak-
teur in staat stel om te be-
sluit watter foto die beste is
om vir kleurpublikasie te ge-
bruik.

Besondere kleure kan ook
donkerder of ligter gemaak
word om aan te sluit by die
drukkersink.

S.-Afrika Gaan Deelneem

Suid-Afrika sal deelneem aan
die Olimpiese spele wat aan-
staande jaar in Londen gehou
word. Die span wat verkies
word, sal per vliegtuig na Eng-
land vertrek. Die koste per lid
sal sowat £375 beloop.

Boeres seun Beboet Weens Weiering Skotse Rok te Dra

Die ongerymdheid van die aanwesigheid van 'n regiment Suid-
Afrikaanse Scottish Highlanders in Suid-Afrika waarin Boere-
seuns verplig word om met rokke rond te pronk, het verlede week
weer duidelik geblyk toe 'n 17-jarige seun wat opgeroep is vir ver-
pligte militêre opleiding, voor 'n spesiale hof in Kaapstad ver-
skyn het op aanklag dat hy nie die parades bygewoon het nie.

Die seun het aangevoer dat hy
nie die parades bygewoon het
nie omdat hy skaam is om in
'n rok op straat te verskyn. Hy
het verder verklaar dat die
kleurlinge by Elsie'srivier hom
uitlag wanneer hy die rok van
die regiment met al sy tierlan-
tyntjies aan het.

Hy het op die aanklag dat hy
sestien parades nie bygewoon
het nie, skuldig gepleit en ver-
klaar dat hy graag na 'n ander
regiment oorgeplaas wou word,
en herhaaldelik daarvoor aan-
soek gedoen het, maar sonder
sukses.

Hy het beloof om die parades
in die toekoms by te woon as hy
na die ander regiment oorge-
plaas word. Hy is skuldig be-
vind en met £5 boete of 15 dae
tronkstraf gevonnissen wat opge-
skort is vir drie maande op
voorwaarde dat hy die parades
voortaan gereeld bywoon.

Russiese Afjak Vir Angelsaksers

Na aanleiding van die kom-
munistiese staatsgreep in Hon-
garye wat op Russiese inisiatief
plaasgevind het, het Amerika 'n
nota van protes aan Rusland
gestuur en gedreig om die saak
by die V.V.O. aanhangig te
maak. Die nota is deur Rusland
verwerp.

Inmiddels is 'n Anglo-Ameri-
kaanse plan opgestel om die uit-
breiding van die invloed en mag
van Rusland in sentraal- en
Oos-Europa te beheer. Die plan
spruit uit 'n ooreenkoms tussen
die Britse en Amerikaanse mi-
nisters van buitelandse sake.

In antwoord op die Ameri-
kaanse en Britse verzoë insake
Rusland se optrede in Honga-
rye, het Molotof laat weet dat
hulle hul nie met Hongaarse bin-
nelandse aangeleenthede moet
innem nie.

Kerkbode Veroordeel Deportasie

Diepe teleurstelling oor die
houding van die regering met
die deportasie van Duitsers uit
Suid-Afrika, word uitgespreek
in 'n hoofartikel van Die Kerk-
bode. Die blad verklaar dat die
Kerk verskeie kere by die rege-
ring aangedring het om 'n Chris-
telike voorbeeld aan die wêreld
te stel. Telkens is die verske-
ring gegee dat alles reg sal kom.
Die teenoorgestelde is bewys.

Die tragiese berusting in skyn-
verhoor en die genadelose aan-
slag orals in die wêreld waar
die wraaksug botvier, toon hoe
ver die Christelike beskawing
reeds gewankel het. Die blanke
bevolking van Suid-Afrika staan
by die wêreld bekend as Chris-
tene. Die vraag is of ons dit
nog werklik is, aldus die blad.

Vroue Kan Bly

Met die oog op moontlike her-
ooring van 'n paar uitsonder-
like gevalle, kan die uitvoering
van die deportasiebevel nie op
hierdie stadium plaasvind nie,
aldus 'n verklaring van die Eer-
ste Minister. Die uitreiking van
deportasiebevele gaan egter
voort.

Die vroue en kinders van die-
gene wat vir deportasie aanbe-
veel is, is nie aan deportasie
onderworpe nie. Indien hulle
verkies om die land te verlaat,
is dit op vrywillige grondslag.

Dronk Offisiere Beoefen Regspraak Oor Duitsers Beweer Britse Blad

Die haglike toestand waarin die Britse administrasie in besette Duits-
land verkeer waar Britse offisiere smoor dronk op die regbank verskyn
wanneer hulle Duitse burgerlikes verhoor, word onthul deur die wêreldbe-
kende Britse joernalis, Kenneth de Courcy in Overseas Intelligence Digest.
Hy verklaar dat die Britse administrasie waargeneem word deur „'n vyfde
rangse oorbetalde burokratiese personeel” wat nie in staat is om behoor-
like betrekkinge in Engeland te kry nie.

Die Duitse antipatie teen die
Britte het die afgelope vyf
maande vertwintigvoudig ver-
klaar hierdie waarnemer en gee
'n relaas van verskeie van offi-
siere soos dit voorkom in pri-
vaat briewe oor die toestande in
die Britse gebied in Duitsland.
'n Bevelvoerder verklaar dat
hulle sat is van die moeilike
taak wat op hulle gelê is deur
'n regering wat nie die vaagste
benul van sy taak het of iets
daarvan verstaan nie, en wat
net belangstel in vertoon en
stemme vang. „Die gemiddelde
Duitser het geen respek vir en
gehoorsaam ook nie die bevel
van die soort offisiere wat nou
uitgestuur word nie, en hulle
verkeer sterk onder die indruk
dat Engeland se tyd verby is.
„Die Britte het dinge gedoen
wat 'n leeftyd sal kos om weer
reg te maak.”

Onderwyl daar hongersnood en
algehele gebrek is aan lewens-
middele heers daar 'n lewendige
swart mark, verklaar 'n ander
getuie.

DRONK REGTERS

„Dit is my meegedeel dat ge-
durende die afgelope ses maande
daar drie gevalle onder die aan-

dag gekom het waar offisiere
wat regspraak waarneem, dronk
op die regbank verskyn. Dit is
benede kommentaar”, lui die ge-
tuieis voorts.

„Waarom kan ons nie eerlik
teenoor ons self wees en erken
dat ons die chaos geskep het
nie?” vra 'n senior offisier wat
verklaar dat die rontsoen van
1,550 kalorieë nooit werklik na-
gekom word nie.

Kenneth de Courcy verklaar
dat hierdie uitreksels uit die
briewe van offisiere, nie deur
lede van sy staf ingewin is nie,
maar die getuieis is geneem uit
privaat briewe, geskryf deur
diensdoende offisiere in Duits-
land. Baie van die inligting wat
hierdie briewe bevat, is van so
'n aard dat dit nie gepubliseer
kan word nie.

'n Poolse waarnemer het ver-
klaar: „Belaglike denazifikasie-
metodes, leë mae, 'n bevolking
wat in nat, oorbewoonde, on-
verhitte en daklose gate moet
woon, het baie daartoe byge-
dra om enige kans om Duits-
land demokraties te maak, te
verydel”.

BANG VIR RUSSE


Die Duitsers is besig om oor
te hel na die kommunisme. Baie

Duitsers sê: „Moenie aan poli-
tiek deel neem nie; Rusland
mag binne 'n paar jaar hier wees
en ons straf omdat ons aan
nuwe politieke partye deelge-
neem het.”

„Die Britte het baie onnosele
dinge gedoen,” lui dit voorts.
„Nie lank gelede nie is al die
Duitsers van die spoorwegsta-
sie van Bielefeld verjaag en 'n
half uur lank verbied om op
die platform te kom—daardeur
het baie hul treine verloor—
om die hele platform beskik-
baar te stel vir 'n paar skade-
lose sersante en hul vrouens en
kinders”.

Die meedoënlose kommande-
ring van huise, het nog meer
kwaad gedoen. Die Britse of-
fisiere leef in weelde en word
in weelde van die een plek na
die ander per motor vervoer.
Die salarisse van hul bestuurders
kos die Duitse belastingbetaler
meer as £9,000 per week. Dit
sluit nie hul kos en toelae in
nie.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro
Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk,
Stellenbosch, vir die elenaars en uit-
gewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk,
Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411,
Kerkplein, Kaapstad.



GEKLEUR VIR

NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-
SKOONMAAK

Posbus 35 Foon 214
DIF PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)